IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen -

| | |
|---|---|
| NCIMBITHI JOHNSON LUBISI | Eerste Appellant |
| PETRUS TSEPO MASHIGO | Tweede Appellant |
| NAPHTALI MANANA | Derde Appellant |
| en | |
| DIE STAAT | Respondent |

---

A P P È L

TEEN DIE SKULDIGBEVINDINGS EN VONNISSE VAN SY EDELE REGTER J.P.O. DE VILLIERS GELEWER IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING) OP 17 NOVEMBER 1980.

---

| NAMENS APPELLANTE: | NAMENS RESPONDENT: |
|---|---|
| PRISCILLA JANA & ASSOCIATES,<br>2de Vloer, Abbey Huis,<br>Commissionerstraat 51,<br>JOHANNESBURG. | DIE PROKUREUR-GENERAAL,<br>PRETORIA. |
| WEBBER & NEWDIGATE,<br>Maitlandstraat 136,<br>BLOEMFONTEIN. | DIE PROKUREUR-GENERAAL,<br>BLOEMFONTEIN. |

------------------

VOLUME 14

(bl.1178 - 1284)

# I N D E K S

## VOLUME 14


| | BLADSY |
|---|---|
| Ncimbithi Johnson LUBISI, besk. 1 (verv.) --- | 1178 - 1211 |
| Petrus Tsepo MASHIGO, besk. 2 ------------- | 1212 - 1284 |

K110 HOF HERVAT OP 16 OKTOBER 1980.

NCIMBITHI JOHNSON LUBISI, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JANSEN (vervolg) : Mnr. Lubisi, ons was gister nog by Soekmekaar gewees. Jy sê julle het behoorlik verkenning gedoen van die plek? -- Ja.

Die betrokke aand van 4 Januarie, hoeveel mense was in die selle daar? -- Ek sal nie kan sê nie, want ons het eintlik nie die selle daar gaan aanval nie.

Agter die polisiestasie is daar ook barrakke waarin mense bly? -- Ja.

Hoeveel mense het daar in die barrakke gebly? -- Ek sal nie kan sê hoeveel mense daar gewoon het nie, want eintlik was ons aanval nie gemik op die barrakke nie, maar wel op die polisiestasie self.

Daar was polisiebeamptes wat binne-in die polisiestasie gebly het of het jy nie daarvan geweet nie? In die gebou? -- Volgens ons waarneming daar toe ons die verkenning gemaak het, het dit vir ons geblyk dat daar niemand in die gebou van die polisiestasie gewoon het nie.

Julle het maar swak verkenning gedoen. Konstabel Botha het daar gebly? -- Ek betwis nie die moontlikheid dat konstabel Botha daar gewoon het nie, maar ek het dit nie gesien dat hy wel daar gewoon het nie.

Ek stel dit aan jou, net langs die kamer wat deur konstabel Botha bewoon is, is daar nog 'n kamer wat toegerus is vir iemand om in te bly. Het jy daarvan geweet? -- Nee, ek sal dit nie betwis nie. Dit is moontlik. Dit kan waar wees.

Het u geweet dat daar 'n badkamer is in die gebou? -- Ons het navrae by die 'n vroumens gedoen wat daar werksaam was by die polisiestasie. Na aanleiding van wat sy vir

... / ons

ons gesê het, het ons aanvaar dat daar wel 'n badkamer was, want sy was die meeste van die tyd besig om handdoeke daar te was.

Het jy vir haar gevra of daar 'n badkamer is? -- Nie direk gevra of daar 'n badkamer was nie.

Het jy geweet dat daar 'n kombuis is in die gebou? -- Ons het wel gesien dat daar 'n kombuis was, want daar was 'n deur van die kombuis wat in die rigting van die hoofstraat gestaan het. Party keer het daardie deur oopgestaan met die gevolg dat ons kon gesien het daarbinne dat dit 'n kombuis is.

Konstabel Botha was die betrokke aand daar in die gebou gewees. Jy het dit gehoor. Hy het hier getuig. -- Ja, ek het gehoor toe hy so getuig het.

Hy het 'n lig by hom gehad, 'n gaslig wat baie duidelik van buite sigbaar moes gewees het. -- Ja, ek verstaan dit.

Het julle dit gesien? -- Ons het gesien daar was 'n skynsel van 'n lig daar, maar nie aan ons kant waar ons was nie. Dus kan ek nie met sekerheid sê dat dit wel 'n gaslig was nie.

Julle het geweet daar is nog mense in die gebou? -- Ons het net geweet van die twee polisiebeamptes wat ons altyd daar gesien het met ons besoek daar op verkenning.

Jy het self 'n geweer die betrokke aand gehad. Is dit reg? -- Ja.

Met 'n groot hoeveelheid patrone? -- Ja.

Terwyl ons op hierdie aspek is. Jy het ook 'n groot hoeveelheid patrone en handgranate versteek daar naby Tzaneen by die 20 kilometer merk, die pad na Lydenburg? Handgranate spesifiek. -- Ja, dit is die wapens wat ons

van Solomondale af gaan haal het.

Dit is die wapens wat jy agterna uitgewys het aan majoor Badenhorst? -- Ja.

Na die aanval nou op die stasiegebou, die polisiestasiegebou op Soekmekaar, het beskuldigdes nrs. 2 en 3 vir jou vertel wat daar gebeur het? -- Ja, hulle het. Alhoewel beskuldigde nr. 2 my nie vertel het hoe dit gekom het dat hy, beskuldigde nr. 2, beseer was nie.

Wat het hy jou vertel, wat het met die twee polisiemanne gebeur? -- Wat hy my vertel het, is dat hulle eers 'n entjie verby hierdie polisiestasie gestap het en toe teruggestap in die teenoorgestelde rigting vanwaar hulle gekom het en toe in die polisiestasie se werf ingegaan het. Hulle het ingegaan en toe hulle naby die polisiebeamptes daar gekom het, het hy, wat beskuldigde nr. 2 is, 'n vuurwapen getrek en toe in die lug 'n skoot afgevuur. Dit was as gevolg van die skoot wat hy in die luggeskiet het dat die twee polisiebeamptes wat voor hulle was, opgestaan het en toe begin vlug het. Hy sê toe verder vir my dat hy gesien het dat een van die polisiebeamptes deur die polisiestasie gehardloop het na die ander kant van die werf. Die tweede een het gehardloop in die rigting van die deur met die oog daarop om by die deur in te gaan. Hy sê toe verder op daardie stadium wat die polisie nog besig was om te hardloop, het Lungile skote afgevuur in die rigting van die vensters. Die skote het net bokant die vensters getref. As ek nie 'n fout maak nie, is 'n tweede handgranaat toe daar gegooi deur beskuldigde nr. 2.

Waar was die eerste een? -- Die eerste een het hy gesê het hy net daar voor op die grasperk gegooi het.

Was dit voordat hy nog geskiet het? -- Hy het aan my

... / gesê

gesê na hy geskiet het, het hy die handgranaat gegooi.

Waar was die polisiebeamptes toe hy die handgranaat gegooi het? -- Die polisiebeamptes was besig om weg te hardloop nadat hulle opgestaan het.

Van die stoep waarop hulle gesit het tot om binne-in die aanklagkantoor te kom, vat maar 'n enkele sekonde. Is dit korrek? -- Ja, dit is moontlik.

Dit is 'n klein stoepie? -- Ja.

En dit was vier sekondes nadat jy die slagpen ontkoppel het by die handgranaat voordat hy ontplof? -- Dit kan ek nie sê dat dit vier sekondes vat voordat dit ontplof nie, maar dit hang af van die persoon, as hy opstaan of hy nou vier sekondes sal vat. Dit hang af hoe vinnig die persoon opstaan en hoe vinnig die persoon beweeg. 'n Ander persoon wat stadiger is kan vyf sekondes neem om daardie distansie te beweeg.

Ja-nee, dit is heeltemal reg, maar daar is 'n vertragingsmeganisme in die handgranaat ingebou en ons het hier gehoor dit is vier sekondes. Is dit reg? -- Ja.

Jy stem saam daarmee? -- Ja.

<u>HOF</u>: Mnr. Jansen, ek wil net aan u dit sê. Ek het gister vir u gesê hierdie getuie se getuienis oor wanneer die handgranaat gegooi is en wat daar sou gebeur het, is alles hoorsê. Sy getuienis wat u nou aan hom stel met betrekking tot die gooi van 'n handgranaat en hoeveel tyd dit 'n mens sal neem, is by wyse van deskundige getuienis. Neem dit die saak werklik verder? Kom ons aanvaar hy sê nou vir u 'n hele rits stellings. Dan moet u nog vir my verseker dat hy 'n deskundige is, maar dit gaan nog heeltemal 'n ander saak wees as en indien die persoon wat die handgranaat gegooi het, moontlik getuienis aflê en lê hy nie getuienis

... / af

af nie, bly hierdie getuie se getuienis nog maar spekulasie, want dit waaroor hy getuig, oor wat sou gebeur het, is maar wat hy gehoor het. Verstaan u my probleem?

MNR. JANSEN : U Edele, ek verstaan presies wat u bedoel.

HOF : As u dit net so verstaan. Ek wil nie hê dat ons onnodig aan aspekte wat nie van belang is, tyd mors nie. U sal weet wat om te doen. Ek wil net vir u sê dit is hoe ek voel, maar u sal weet wat u na streef.

MNR. JANSEN : Ek het 'n spesifieke doel met hierdie vrae gehad.

HOF : Nou maar goed.

MNR.JANSEN : Na afhandeling van hierdie aanval - ek sal netnou terugkom na mnr. Montle toe - het u gegaan en die wapens weer gaan versteek? -- Ja.

En slegs beskuldigde nr. 2 en uself het geweet waar dit versteek is? --Ja.

Hoekom het julle dit versteek? -- Die rede is omdat ons net die opdrag gehad het om die Soekmekaar polisiestasie aan te val. As ons daarmee klaar is, is ons opdragte klaar.

Nou versteek jy die wapens en jy wag vir 'n verdere opdrag? -- Die opdrag was, na die uitvoering van die aanval op hierdie betrokke polisiestasie, moet ons hierdie vuurwapens of die wapens almal gaan wegsteek. Nadat ons die wapens weggesteek het, moet ons die mense wat die opdragte gee, in kennis stel dat ons nou die werk gedoen het en die wapens is nou weggesteek en waar die wapens versteek is. Wie dit later sou gebruik het, weet ek nie. Of daar nog ander mense sou gekom het wat daardie wapens sou gebruik het en of dit weer 'n opdrag aan ons sou gewees het om weer daardie wapens te gaan gebruik, kan ek

... / nie

nie sê nie.

Maar die wapens sou weer later gebruik geword het. Dit was die hele idee? -- Nee, dit weet ek nie.

Die hele aanval op Soekmekaar polisiestasie is uitgevoer as 'n teken van simpatie met die mense wat teen hulle sin verskuif is vanwaar hulle al die tyd gebly het? -- Ja, dit was eintlik die naaste voorbeeld aan die mense wat daar verskuif was en dit was die naaste polisiestasie.

Jy het ook vir die Hof gesê julle sou pamflette daar gelaat het, sodat die mense kon sien die ANC is daar en het simpatie met hulle? -- Dit is korrek soos u dit stel, maar daardie pamflette sou nie daar uitgegee word deur ons nie. Dit is 'n ander afdeling van die "political missionary".

Maar die hele doel daar agter is om vir dié mense te laat verstaan die ANC het simpatie met hulle? -- Ja.

En daardeur het die ANC gepoog om die mense aan die ANC se kant te kry? -- Dit was 'n manier van die ANC om daardie mense wat verskuif word, bewus te maak van die feit dat die mense van die ANC ontevrede is, loop nie met die Regering se optrede teenoor daardie mense wat verskuif word nie.

En het julle gehoop om daardie mense aan die ANC se kant te kry? -- Dit sou van hulle afgehang het wat hulle besluit nadat hulle bewus geword het van die feit dat die ANC met simpatie het. Hulle sou dan besluit het of hulle nou aan die ANC se kant gaan val of wat die posisie gaan wees.

Mnr. Montle se bakkie is in dié aanval gebruik op Soekmekaar? -- Ja.

... / Het

Het u vir hom gesê hy moet net daar wag, julle sal terugkom en die bakkie weer aan hom besorg? -- Ek self het hom nie gesê nie, maar wat wel gebeur het, is dat beskuldigde nr. 2 en Lungile met die persoon gepraat het.

Die bakkie, na die aanval op Soekmekaar, is deur julle daar langs die pad gelaat? -- Ja.

Dit was 'n hele ent weg van die plek waar julle mnr. Montle agtergelaat het? -- Ons het teruggegaan na die plek toe waar ons mnr. Montle gelaat het. Hy was nêrens daar te vinde nie. Met die gevolg dat ons besluit het om 'n bietjie verder aan te ry, aangesien ons nie geweet het wat van hom geword het en wat later gebeur het nie.

Ja, maar toe het julle die bakkie daar langs die pad gelaat? -- Ja.

Julle het nie omgegee wat verder van die bakkie word nie? -- Ons het die bakkie daar gelaat en ons het besef dat die bakkie daar gelaat is en daar sal geen skade of ongeluk aan die bakkie kom nie. Die rede daarvoor is dat die bakkie op die skouer van die pad geparkeer was. Om daardie rede sê ek, niemand sou sommer daar gekom het en met die bakkie gaan peuter het sonder dat hy die eienaar van die bakkie was nie.

Het julle gehoop dat mnr. Montle weer die bakkie daar sou terugkry? -- Nee, eintlik wat gebeur het, is dat ons in die gedagte gehad het, dat aangesien die man nou gesê het hy is 'n onderwyser by 'n skool te Kgapane, gaan ons die bakkie hier laat en dan sal een of twee van ons die volgende dag na Kgapane skool toe gaan om by hom navraag te gaan doen of hy sy bakkie daar gekry het, al dan nie.

Het julle dit gedoen? -- Nee, ek sal vir u sê hoekom

... / nie

nie. Daardie dag kon ons nie daarin geslaag het om dit te doen nie, want waar ons nou weggekruip het te Duiwelskloof het die polisie in die onmiddellike omgewing daar verbygegaan, met die gevolg is dat ons gevoel het dat geeneen van ons daarin sal kan slaag om na die plek toe te gaan om navraag te gaan doen by hierdie persoon nie.

Julle het nie na die aanval weer teruggegaan na die basis toe nie of het julle? -- Nee, ons is nie terug na die basis toe nie.

Jou arrestasie op 30 Januarie, hoekom was dit nodig dat die polisie daar skiet? -- Ek sal nie in staat wees om 'n rede daarvoor aan te voer nie.

Jy het jou nie verset teen die arrestasie nie of het jy? -- Nee, ek het nie. Ek het my glad nie verset nie.

Jy sê die kind het net gehuil as gevolg van die skoot deur die polisie? -- Ja.

David Mashigo het aan jou 'n brief gegee? -- Ja.

Is dit die brief wat hier in die hof uitgelees is? -- Ja.

<u>BEWYSSTUK N</u>. Is dit die brief wat David Mashigo na jou gebring het? -- Ja, dit is die brief.

Van wie het die brief gekom? -- David Mashigo het die brief aan my oorhandig.

Wie het die brief geskryf? Wie is die persoon wat daar teken as Joyce? -- Ek sal sê, soos David Mashigo vir my gesê het dat die brief kom eintlik van Duke Maseko.

Wat beteken dit nou eintlik wat hier geskryf is in die brief. Dit is duidelik kodetaal, nie waar nie? "I write this letter with joy in my heart. I am very proud of you, Darling." Hoekom sê die man dit? Wat het jy gedoen wat nou maak dat hy baie trots is op jou? -- Ek

... / sal

sal sê hulle was al bewus van die feit dat ons nou die opdrag uitgevoer het wat aan ons gegee was.

Dit is nou die aanval op Soekmekaar? -- Ek sal so sê, ja.

Die volgende daar "The pregnant woman will not deliver." Wat beteken dit? Wat bedoel die skrywer daarby? -- Ek sal sê dit is aangaande die DLB's wat ons gestig het.

Nou maar wat daarvan? -- Dit beteken waar die DLB gestig is, is nie 'n plek wat hulle aanvaar as 'n regte plek vir die DLB nie.

"The husband says they will try and make another baby. If they do, we will tell you." Wat beteken dit? -- Hulle sou ons laat weet het dat hulle nou 'n ander DLB gestig het.

En dan hierdie ou vrou van die suide "Write and tell us whether the other old woman from the south visited you, the one with the strong snuff." Wie is die ou vrou? -- Dit verwys nou na die plek waar ons die wapens gekry het te Solomondale.

Wat verwys dit daar na? -- Die boodskap is dat ons weer daar moet gaan kyk.

Vir nog wapens? -- Nee.

Waarvoor dan? -- Hulle het eintlik gesê dat hulle vir ons medisyne sou bring. Ons moes gaan kyk het vir die medisyne.

Daar by Solomondale? -- Ja, by dieselfde plek waar ons die wapens gekry het.

<u>HOF</u>: Oorkant Hugo se plaashek? -- Ja.

<u>MNR. JANSEN</u> : Watse medisyne sou hulle vir julle gebring het? -- Malaria tablette en ander medisyne, byvoorbeeld

... / antibiotika

antibiotika tablette en verbande en so aan.

Hierdie laaste paragraaf "You must not forget to go to the old house. If it seems bad enough, it may be useful." -- Daar praat hulle nou van die plek waar ons onsself weggesteek het. Dit is nou die plek waar ons gewoon het.

Die basis?

HOF : Basis 1? -- Ja.

MNR. JANSEN : Moet julle weer na die basis toe gaan? -- Ja, as ons geen ander plek gehad het om te gaan wegkruip nie, moet ons maar liewers teruggegaan het na die basis toe.

Ek wil nou 'n bietjie teruggaan na Angola toe. Toe jy aankom daar in Angola, sê jy, was jy weer ondervra want jy is verdink dat jy 'n spioen is en jy is ondervra deur Sipo en Obadi en Paul? -- Ja.

Het jy hulle toe oortuig dat jy glad nie 'n spioen is nie en dat jy graag wil aangaan met hierdie organisasie se bedrywighede? -- Van wat hulle my gevra het, het ek vir hulle vertel van wat ek self weet.

Het jy hulle toe oortuig dat jy nie 'n spioen is nie? -- (As ek mag voltooi wat die getuie verder sê) en wat ek was, destyds en wie ek is en waarvandaan kom ek, waar woon ek.

Het jy hulle toe oortuig dat jy nie 'n spioen is nie? -- Dit sal ek nie kan sê nie. Ek weet nie wat hulle daaroor gedink het nie, of hulle oortuig was, al dan nie.

Teikens vir aanvalle. Jy het die getuienis van Zulu gehoor hier in die hof. -- Ja.

Dat 'n lid van die Regional Headquarters wat 'n Commander is, die mag gegee is om te besluit op teikens

... / wat

wat aangeval sou word? -- Ek is bevrees ek sal nie in staat wees om sy getuienis te verduidelik aan hierdie Agbare Hof nie, omrede ek nie 'n lid was van sy "missionary" nie. Dus sal ek nie weet wat sy "missionary" was nie.

Maar die leier van so 'n groep, hy het tog die mag om te besluit op 'n aanval? -- Wat my betref en sover my kennis strek, het hy geen reg om te besluit nie. Die enigste persoon om te besluit is die hoofde en die leiers. Hulle is die enigste mense om te sê wat gedoen moet word en oor wat het hulle besluit.

Maar 'n Commander is tog 'n leier? -- 'n Commander in watter rang?

'n Lid van die Regional Headquarters? -- Hy is 'n lid van die Regional Headquarters om oor te dra wat die gevoel is van die mense onder sy toesig en dit moet hy oordra na die hoofde toe of anders om. Byvoorbeeld opdragte te vat van die hoofde en dit vir die mense, onder sy bevel, te gaan gee. Dit is hoe ek opgelei was.

Oor die kwessie van bloedvergieting deur die ANC of gebrek aan bloedvergieting, is dit nie 'n algemene beleid dat persone wat sogenaamde verraaiers is, doodgemaak moet word nie? -- Dit gaan oor die meriete van daardie persoon, afhangende daarvan hoeveel skade hy alreeds gedoen het vir die organisasie. Dan sal hulle besluit wat gedoen moet word, 'n Mens word nie sommer net so doodgemaak nie.

Soos Leonard Nkosi. Hy het skade aangerig en hy moes doodgemaak word? -- Soos ons nou daar gesê was, Leonard Nkosi was, omrede hy alreeds getuienis gegee het in baie verskillende sake wat betrekking het op die ANC.

Daarom moes hy doodgemaak word? -- Uit my eie sal ek

nie kan sê of dit die rede was nie. Die hoofde sal weet.

Dieselfde geld vir Albert Mtembo? -- Wie is nou Albert Mtembo?

Los dit maar. Jy is bewus van die aanval op die Orlando polisiestasie? -- Nee, ek weet niks daarvan nie.

Het jy nog nooit gehoor dat die ANC 'n aanval geloods het op die Orlando polisiestasie nie? -- Nee, ek het nog nooit gehoor nie.

Ek wil vir jou net 'n passasie lees hier in die Sechaba, BEWYSSTUK B bladsy 157 "On the 2nd of November 1979 at 12.40 a.m. four armed guerillas launched a successful raid on the Orlando police station in Soweto." En dan, verder aan "One man, student constable Msini Musindane was killed instantly. A second man, constable Elsia Zeelie died in the Baragwanath Hospital after receiving emergency treatment for several wounds. A third constable Tammy Shangtiye and a civilian Sipo Chungu were wounded and treated for schrapnel wounds." Hierdie geval waar twee persone dood is en twee beseer is, waar onder 'n burgerlike, word beskryf as "a successful raid."

MR. BROWDE : Was that claimed as being an ANC attack? I am sorry, I have not read the Sechaba as diligently as My Learned Friend obviously. I do not know.

HOF: U moet dit net duidelik stel aan die getuie, mnr. Jansen, want ek weet ook nie.

MNR. JANSEN : Hierdie aanval word beskryf in die Sechaba wat die amptelike mondstuk van die ANC is, bladsy 157 en die ANC beskryf hierdie aanval as 'n suksesvolle veldtog deur vier gewapende guerillas. Hoe verklaar jy dit? -- Ek sal nie in staat wees om dit te verduidelik nie, want ek weet niks daarvan nie.

Jy sê die ANC is teen bloedvergieting? Hier beskryf hulle 'n geval waar mense gedood en beseer is as 'n suksesvolle aanval? Kan u dit nie verklaar nie? -- Nee, ek weet niks nie.

Bladsy 159. Dit is ook in 'n Sechaba, Aprilmaand 1980 waarin die aanval op Soekmekaar beskryf word. Jy erken dit as 'n ANC aanval, nie waar nie? -- Ja.

Hulle praat ook nie hier in die berig van die ANC nie, maar dit is in die ANC mondstuk.

MR. BROWDE : I understand that that may be misleading because I believe that in that one, the ANC do in fact claim it. By implication, they talk about "our comrades" I think in that one.

COURT : They are talking about freedom fighters, three freedom fighters.

MR. BROWDE : I am not sure, but that is what I am told.

COURT : Have you not got it?

MR. BROWDE : No, I have not got it. We have never been given copies of these.

COURT : EXHIBIT B?

MR. BROWDE : Oh, is that EXHIBIT B?

COURT : Yes, he is reading from EXHIBIT B. Have you not got it here?

MR. BROWDE : I am sorry, I have not got it with me, no.

MNR. JANSEN : U Edele, ek wil dit nou net duidelik stel. In kruisondervraging het My Geleerde Vriend dit spesifiek gestel aan kolonel Stadler dat dit nie 'n ANC eis is hierdie nie. Hierdie spesifieke een.

HOF : Laat ek dit so stel. As hy nou sê dit is nou 'n ANC eis, wat dan?

MNR. JANSEN : Dit is wat ek by die getuie wou gehoor het.

... / Ek

Ek weet nie wat is die doel van die beswaar nie.

HOF : Ek dink mnr. Browde was net deurmekaar. Hy het nie die stukke voor hom nie.

MR. BROWDE : My Lord, I have not got it in front of me. I was under the impression that there was no claim by the ANC to the Orlando police station, but it was made pretty clear in this Sechaba that this was a claim by the ANC. I have not got it in front of me. I may be wrong about that.

COURT : Let me put it this way. The Prosecutor pursues his line of cross-examination as before.

MR. BROWDE : Yes.

MNR. JANSEN : In hierdie berig oor julle aanval op Soekmekaar polisiestasie, sê die ANC, onder andere "Two armed Black policemen on duty had to scramble for cover." Verder aan "The station commander, through whose office two bullets went, one right in line with his chair and the other striking the wall right above the door, was unfortunately not in his office at the time." Hoe verklaar u hierdie berig van die ANC teenoor u getuienis dat julle glad nie iemand wou beseer het nie? -- My antwoord daarop sal wees, u moet kyk na ons doen en late daar en nie net op papier skryf of na die geskrif op papier kyk nie.

Jy het aan die ANC gerapporteer omtrent die aanval op Soekmekaar, nie waar nie? -- Ja. Alhoewel ek die persoon is wat gerapporteer het aan die ANC oor hierdie voorval, sal u vind dat wat die ANC daar geskryf het, is wat hulle van 'n nuusblad gekry het, soos dit daar gegee was destyds. Dit is miskien nie die weergawe wat hulle van ons gekry het nie.

K111 Maar die ANC sê ongelukkig was die stasiebevelvoerder

nie in sy kantoor daar waar die koeël op stoelhoogte verbygegaan het nie? -- Die verslaggewer in daardie stukkie wat nou net aan my gelees is, het ook sy eie dinge daar gesê. Dit kan moontlik wees dat dit miskien net propaganda was om meer mense se gesag te kry, maar dit is nie wat ons gesê het nie.

Nelson Mandela is 'n bekende lid van die ANC, leier van die ANC? -- Ja.

Dit is reg soos die Sechaba gesê het wat hier ingehandig is by die hof, die ANC wil hom graag vrygelaat kry? -- Nie net hy alleen nie.

Al die ANC aangehoudenes. Is dit reg? -- Ja.

En is daar al planne beraam hoe om hulle vry te kry? -- Ja, hulle word eintlik vrygelaat met die politieke situasie van die hele wêreld of van die land.

Maar is daar nog nie planne beraam hoe te werk gegaan sal word om hulle vrygelaat te kry, wat jy van weet nie? -- Nee, nie wat ek van weet nie. Behalwe natuurlik plakkate wat mense dra waarop geskryf word dat dit versoek word dat al die aangehoudenes vrygelaat moet word.

Ken jy beskuldigde nr. 4? -- Ja, ek ken hom.

Van wanneer af? -- Sedert 1978.

Waar het jy hom leer ken? -- Ek het hom vir die eerste keer gesien te Funda.

Weet jy dat hy 'n lid van die Regional Headquarters hier van Transvaal area is? -- Nee, dit sal ek nie weet nie, want ek was nooit saam met hom gewees waar hy sy "missionary" gekry het nie.

Julle was saam in Matola gewees nadat julle julle opleiding ontvang het? -- Nie in dieselfde plek waar ek gewoon het nie.

... / Ek

Ek wil hê jy moet kyk na hierdie foto, BEWYSSTUK A(1). Ken jy die persoon? -- Nee, ek ken hom nie.

En die foto BEWYSSTUK A(3), wie is daar op? -- Ek ken hom ook nie.

En die man op BEWYSSTUK A(6)? -- Ek ken hom ook nie.

RE-EXAMINATION BY MR. BROWDE : I just want to immediately deal with the question of what is published in Sechaba. Do you know who publishes the Sechaba? -- No, I do not know.

Do you know whether it is published, whether the writing that is done in Sechaba is done by people in London or by people in Dar-es-Salaam? Do you know that? -- No, that I do not know.

Do you know the journalists of Sechaba, to which faction they belong in the ANC? -- No, I do not.

When you reported back about the attack on Soekmekaar, did you say that it was unfortunate that the station commander was not there? -- No, I never said that.

Had you wanted to kill the station commander by the attack on Soekmekaar, would you have attacked at 8.30 at night? -- Just repeat that?

If you had wanted to kill the station commander, would you have attacked the Soekmekaar police station at 8.30 at night? -- No, I would not have.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES.

NCIMBITHI JOHNSON LUBISI, still under oath

RE-EXAMINATION BY MR. BROWDE (continued) : Mr. Lubisi, I asked you just before the adjournment about the question of killing the station commander and you said had you wanted to do that, you would not have attacked the place

at half-past-eight at night. -- Yes.

In your reconnaissance of the police station, did you see the station commander? -- Yes, we used to see him.

Where was he normally? The station commander? -- He was in the police station. Otherwise he would go out of the police station to a garage.

Is that a garage in the vicinity of the Soekmekaar police station? -- Yes, the garage is in fact facing the police station.

And when he was at the garage, who was left at the police station? -- We used to see Black policemen who were there.

When the station commander - did you see the station commander on the premises of the police station at any time? -- Yes, we used to see him outside in the yard.

Did you know whether he had an office on the premises? -- Yes, we knew that.

That night that you went to attack the Soekmekaar police station, that office, was it light or dark? -- It was dark. There was no light.

You were asked yesterday by My Learned Friend, about a pamphlet that was apparently put out by the ANC, by means of one of these explosive devices that sent pamphlets out in Durban. I think, I am open to correction, in about 1965 and it also had attached to it a loudspeaker which then broadcast something to people in the vicinity. You said you knew nothing about it, you were a child in 1965. -- Yes.

Do you know the context in which this was distributed? -- No, I do not.

... / Do

Do you know that it appears to have been sent to editors of White newspapers? Do you know why the ANC should at that time have sent something to White newspapers in this form? -- No, I do not know that.

You have told us much about the ANC and you were cross-examined about it, wanting to change things in this country. -- Yes.

And you have said it involved overthrowing the present government? -- Yes.

What were you taught would be put in its place? -- Yes.

Tell His Lordship what you envisaged putting in its place? -- They said they would like to put the freedom charter program, in fact they wanted this to be a democratic South Africa.

By Whites or by Blacks or by both? -- By both.

You said yesterday, when My Learned Friend asked you why it was that you did not, if you wanted to frighten the people at the police station, use a "klapper". You said that Black people were not allowed to buy "klappers". -- Yes.

What sort of object do you have in mind by the use of the word "klapper"? -- Well, I thought he was talking about some kind of an arm, a weapon.

The next thing I want to ask you, is this. You have given as an example of an economic target, a railway line. -- Yes.

How could the railway line affect the country's economy. I mean, of course, the blowing up of the railway line. -- Well, you see, the oil is being transported on the railway lines, by means of trains. I would rather say,

fuel as a whole.

And if the railway line was blown up? -- If that is done, then there will be some delay in time to transport the fuel.

You also said - I think you said in one sentence - the policy of the political targets, was aimed at the debris of the South African Governments apartheid policy? -- Yes.

Where did you learn that? -- From where I was.

Where? -- In brief I would say, by so saying I did not want to be specific by saying job reservation, race discrimination, segragation, groups area's act and separate development. That is why I used the word debris.

Yes, but who taught you the word debris? Is it your word or is it somebody else's word? -- It was explained to me by one of our lecturers.

Prior to that, did you know the meaning of the word debris? -- No.

Do you in fact know what the word debris means? Now as you are standing there? -- My understanding of debris is, for instance, this glass. If I throw it on the floor or the ground and it breaks, it will have quite a number of pieces out of breaking. That is what I would understand to be debris.

My Learned Friend has put to you various extracts from Sechaba in which it seems that bloodshed is, at least, envisaged in the policy enunciated in these articles. What I really want to know from you, is this. Who ever wrote that articles, we do not know, but is that in accordance with what you were brought up to understand was the policy of the ANC? -- No, I was never taught that.

... / The

The next point I want to ask you is about the choice of the targets. You mentioned this morning to His Lordship that the targets themselves were decided by the heads of the movement and the leaders. -- Yes.

Where do those people live, as far as you are aware? Not exactly. In what country? -- All I can say is, they are in Zambia.

As far as you are concerned, are any of the accused leaders who choose targets? -- Not as far as I know.

When you said the leaders, what sort of leaders were you referring to you? At what level? -- I would say people in the national executive committee. For instance like Tambo.

You are talking about the top echelons of the organisation? -- Yes.

Does that include or does it exclude a person who might be a leader of a region in the Transvaal or in Natal? -- As far as I know, he is not included at all.

And the Soekmekaar ... --(If I may just say what the witness has said)

Yes? -- He is just being told what to do.

Specifically the Soekmekaar police station, as far as you are aware, at what level was the decision taken to attack that target? -- In view of what I said when I was giving the mission to go and attack this police station, I was told that this was an order from the high ranking officials of the organisation. I cannot say that I am not prepared to go and carry out the order as given to me. I therefore concluded as a result of that, that it was from the high ranking officials. That is why I am up till now still prepared to say it was from the

... / high

high ranking officials.

HOF : Waar het jy vir beskuldigde nr. 2 die eerste keer ontmoet? -- Tanzanië.

Wanneer? -- In die begin van die jaar 1977.

En beskuldigde nr. 3, waar het jy hom ontmoet? -- Ook te Tanzanië.

Dieselfde tyd? -- Ja.

En het jy saam opleiding ondergaan by die verskillende plekke, veral in Angola? -- Ja, te Angola was ek saam met hulle gewees.

Het jy vir Zulu daar gesien? -- Ja, ek het.

Ken jy beskuldigde nr. 4? -- Ja, ek ken hom.

Waar het jy hom die eerste keer gesien? -- Te Funda het ek hom gesien.

Dit is nou in Angola? -- Ja.

Wanneer? -- Ek sal sê dit was gedurende die jaar 1978.

Het hy saam met jou opleiding ondergaan? -- Ja.

Ken jy beskuldigde nr. 5? -- Ja, ek ken hom.

Van wanneer af? -- Sedert die begin van die jaar 1977.

Waar het jy hom ontmoet? -- Te Tanzanië.

Het hy ook saam met jou opleiding ondergaan? -- Ja, ons was saam.

Ken jy vir beskuldigde nr. 6? -- Ja, ek ken hom.

Van waar? -- Ek was saam met hom te Angola.

Wanneer het jy hom die eerste keer ontmoet? -- Ek sal sê dit was in Juniemaand te Nova Katenga.

Juniemaand van watter jaar? -- In die jaar 1977.

Was hy ook een van die groep wat opleiding saam met jou ondergaan het? -- Ja.

Ken jy beskuldigde nr. 7? -- Ja, ek het hom gesien te Nova Katenga.

... / Watter

Watter jaar? -- In die jaar 1977.

Het hy ook opleiding saam met jou ondergaan? -- Ja.

Ken jy vir beskuldigde nr. 8? -- Ja, ek ken hom ook.

Wanneer het jy hom ontmoet? -- Gedurende die begin van die jaar 1977.

Waar? -- Te Tanzanië.

Het jy saam met julle opleiding ondergaan? -- Ja.

Waar? -- Te Nova Katenga.

Ken jy vir beskuldigde nr. 9? -- Ja, ek ken hom.

Van waar?-- Van Nova Katenga.

Watter jaar? -- Gedurende die jaar 1977.

Het hy ook opleiding ondergaan saam met julle? -- Ja, ons het saam opleiding ontvang.

Die opleiding wat ek nou na verwys, is hierdie opleiding wat jy na verwys het van politieke aard, gebruik van wapens ensovoorts? -- Ja.

Ken jy vir Mncube, getuie nr. 69? Ek sal jou verder inlig. Hy sê hy het ook opleiding ondergaan en het ook van julle gesien by hierdie kampe. Ek is jammer, ek het die verkeerde naam aan jou gegee.

MNR. JANSEN : As ek die Hof mag help, Thabo Makgage.

HOF : Thabo Paulus Makgage. Hy sê hy was 'n lid van die ANC in 1976. Hy het militêre opleiding ondergaan in Angola. Dit is die getuienis. Ken jy hom? -- As die foto miskien aan my getoon kan word, sal ek hom dalk herken.

Nee, ek het nie 'n foto van hom nie. -- Is dit die dikkerige mannetjie wat hier gestaan het?

Ek sal net uitvind of hy 'n dikkerige mannetjie was. Was hy 'n dikkerige mannetjie? Hy is skoon vergeet al.

MNR. JANSEN : Hy het 'n kaal kop gehad. Ek weet nie of hy dikkerig was nie. -- Ja, ja, daardie een ken ek.

... / HOF

HOF : Ken jy hom? -- Ja.

Want hy sê hy was by die kamp en daar was Kubane by die kamp, hy was by Nova Katenga, hy was by die "engineering", hy was by Funda. Hy is die een, toe hulle ingekom het in die Republiek, het hy sy maters hier gelos en hy het 'n Blanke gekry en hy is met die motorkar na die polisiestasie toe en toe het daar 'n geveg ontstaan. Weet jy wie hy is? -- Ja.

Jy sal onthou, hy het gesê hulle het hom gekry om opleiding te ondergaan onder die voorwendsel dat hy sal geleer word en toe hy daar kom en hy praat en hy sê hy wil nou geleer word, toe sê hulle daar is nie so 'n ding nie, die mense is nou vol, hy moet nou maar militêre opleiding ondergaan. Hy kan nie meer skool gaan nie. -- Ja, ek onthou dit.

Het jy hom gesien daarso - of liewer, laat ek dit eers vra. Waar het jy hom vir die eerste keer gesien? -- Ek het hom te Tanzanië gesien.

Watter jaar? -- 1977.

Was hy saam met julle toe jy opleiding ondergaan het? Het hy saam opleiding ondergaan? -- Ja, hy was daar saam met ons.

Jy sê "met ons", beteken dit dat hy saam met jou en al die ander beskuldigdes wat hier is, opleiding ondergaan het? Is dit wat jy sê? -- Ja, ons was saam met hom gewees.

En dit was in watter kampe? -- Nova Katenga.

Ja? -- Funda.

Ja? Engineering? -- Engineering. Dit is al drie kampe waar hy was.

Enige van hierdie beskuldigdes, het jy hulle geken

... / voordat

voordat jy uit die land uitgevlug het of nie? -- Ek het nie gevlug van hierdie land af nie, maar ek het hulle nie geken nie.

Ek weet nie eers of ek die woord "vlug" gebruik het nie? -- Dit is wat die Hof gebruik het.

Ek is jammer, ek bedoel dit glad nie. My assessor het my gesê ek het die woord gebruik. Toe jy uit hierdie land uitgegaan het voor daardie tyd, het jy enige van die beskuldigdes geken? -- Nee, ek het geeneen van hulle geken nie.

Ek kom nou by daardie gedeelte moontlik wat ek in gedagte gehad het. Ek is nou nog nie seker of jy uit eie vrye wil die grens gekruis het en in Mosambiek gegaan het of Maputo gegaan het nie en of jy gedwing is om daarheen te gaan deur iemand wat 'n wapen op jou gerig het of iemand wat vir jou gesê het "Loop, jy gaan" nie. -- Hy het mondelings vir my gesê "Jy gaan daar."

So, jy is gedwing? -- Ek was hier weg na Swaziland. Ek was nie van voorneme om na Mosambiek toe te gaan nie. Ek het my reisdokument gehad ... (Hof kom tussenbei)

Kyk, ek gaan jou in die rede val, want ek wil net antwoorde op my vrae hê en dit is 'n maklike ding. As jy gedwing is na 'n plek, dan sê jy vir my ja. As jy nie gedwing is nie, dan sê jy vir my nee. As ek dan nie verstaan nie, kan jy vir my verduidelik. Ek wil net weet, het jy oor die grens gegaan, vrywilliglik of is jy gedwing? -- Ek was nie van voorneme uit my eie vrye wil om oor die grens te gaan nie.

As jy daar kon omdraai, sou jy teruggekom het? -- Nee, ek glo nie.

Maar dan het jy uit eie vrye wil oorgegaan? -- Nee.

... / Ek

Ek het besef dat die mense het wapens.

En toe was jy bang vir die wapens? -- As gevolg van die wapens wat hulle gehad en die woorde wat hulle gebesig het daar, was ek toe bang gewees.

Dan het jy tog nie uit jou eie vrye wil gegaan nie. Jy is gedwing? -- Ja.

Nou, ek wil nie so sukkel om die antwoorde uit jou uit te kry nie. Ek moet jou saak verstaan. As ek jou saak nie verstaan nie, wat help dit dat ek hierso sit. Jy het op een stadium gesê jy was gedwing deur "hulle" en toe het ek dit by jou opgevolg. Nou wil ek weet, wie is die "hulle" wat jou gedwing het? -- Duma en die ander persone in sy geselskap.

Dié Duma, wat is sy van of is Duma sy van? -- Ek weet nie of Duma die van is of die naam is nie, maar hy is net aan my bekend as Duma.

Was jy kwaad toe jy nou teen jou wil gedwing word om die land te verlaat? -- Ja, ek was.

Op daardie stadium, het jy al jou oom gesien? -- Nee, nog nie.

Op 'n stadium het jy van gedagte verander, as ek jou getuienis verstaan, en was jy toe nie meer kwaad dat jy die land uitgegaan het nie en ek maak daardie afleiding omdat ek van jou verstaan het dat jy nou van die beginsels van die ANC begin hou het en dat jy nou vrywilliglik die onderrig ondergaan het in die gebruik van wapens, toe jy nou nie meer opgelei kon word in die onderwys nie? -- Ja.

Wat het gemaak dat jy nou van gedagte verander het? -- As gevolg van die woorde wat gebesig was deur ene Joe Modise met betrekking tot die ANC, het my gedagte toe verander.

Wat was daardie woorde? -- Byvoorbeeld dat hy gesê het die ANC staan vir die Swartmense van Suid-Afrika.

Op 'n dag kry jy 'n opdrag om die Soekmekaar polisiestasie aan te val. -- Ja.

Wie was by toe jy dit gekry het? Ek wil nou net weet, was beskuldigdes nrs. 2 en 3 saam met jou? Ek sal nou-nou kom by die mense wat vir jou die opdrag gegee het. -- Beskuldigdes nrs. 2 en 3 was teenwoordig gewees.

En dit is al van die beskuldigdes wat teenwoordig was? -- Heeltemal reg. Die res van die beskuldigdes was nie by ons nie.

Wie gee die opdrag? -- Ene Paul het die opdrag gegee.

Het Paul die area van Soekmekaar geken? -- (Die getuie het nog iets by gesê)

Ja? -- En Thabo en die derde persoon Kenny.

Nou goed, Paul, Thabo en Kenny het vir jou laat verstaan dat hulle daardie Soekmekaar se wêreld ken of nie? -- Nee, hulle het net gesê dit is 'n plek wat hulle ken naby hulle distrikte. Hulle ken die plek, maar nie dat hulle die plek goed ken nie.

Wat was daardie opdrag? Die presiese opdrag wat julle moes uitvoer? -- Hulle het gesê ons moet 'n "arms propaganda" gaan rig by hierdie polisiestasie van Soekmekaar.

Wat het jy nou daardeur verstaan? -- Omrede ek nie verstaan het nie, het ek hulle gevra wat hulle daarby bedoel.

En wat was dit? -- Na aanleiding van my vraag, het hulle aan my gesê "Jy en die mense moet gaan en gaan bly by die plek waar jy en Castro gewoon het, waar julle vantevore was. As julle sien dat julle nou goed daar

**Collection Number: AD2021**

## SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.